DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XI. Woensdag, 28 Maart, 1956. NR. 2.

# „WAPAD" VANJAAR TIEN JAAR OUD

## Eerste WAPAD loop dood in 1943

Dit was in die vuurwarm oorlogsjare dat die behoefte begin voel is om aan die P.U.K. vir C.H.O. 'n koerantjie uit te gee. Die BESEMBOS het as 'n kwartaalblad verskyn, maar dit het eerder die indruk van 'n joolblad gemaak as die offisiële orgaan van die studente van die P.U.K.. Ook die WAPENSKOU het as orgaan van die A.N.S. twee-maandeliks verskyn.

In 1942 het dr. K. S. van Wyk de Vries 'n pleidooi gelewer vir die stigting van 'n nuwe blad om daarin aktuele vraagstukke te bespreek en diskussie uit te lok. 'n Prysvraag is uitgeskryf om 'n geskikte naam vir die bladjie te kry en Gert van der Vyver (tans predikant) het die eerste prys verower met sy voorstel DIE WAPAD. Die Minister van Binnelandse Sake het toestemming verleen vir die publikasie van die blad en in 1943 is oorgegaan tot die uitgee daarvan.

Die Redaksie en Administrasie is opgedra aan die Regering van die A.N.S. en dr. Van Wyk de Vries en dr. S. J. du Plessis het die eerste Redaksie gevorm. Totius het opgetree as Adviseur. 'n Proefeksemplaar is gedruk en op die voorblad was 'n artikel van Totius. Die verdere inhoud het bestaan uit artikels van prof. L. J. du Plessis, dr. Van Wyk de Vries, ds. Botha en Monica Breedt.

### PUBLIKASIE GESTOP

Ongelukkig het die Minister van Binnelandse Sake hom nou besin oor die moontlike implikasies van die blad aan „this breeding place of Naziism" en hy het sy toestemming tot die publikasie van die blad teruggetrek.

**Die saak is toe daar gelaat, maar in 1946 is op besluit van die Studenteraad weer oorgegaan tot die uitgee van DIE WAPAD. Die Studenteraad het dit toe so bepaal dat DIE WAPAD sal bestaan as die offisiële orgaan van die Studenteraad en toe het die Studenteraad ook 'n Redakteur vir die blad aangewys en besluit om die blad te subsidieer indien nodig.**

Van toe af het DIE WAPAD onafgebroke bestaan as die Studenteblad van die P.U. vir C.H.O. en as offisiële orgaan van die Studenteraad. Die vroeë uitgawes van DIE WAPAD het 'n formaat van ongeveer ses by twaalf duim gehad, maar later is besluit om die formaat groter te maak, ongeveer dieselfde as die van die VADERLAND. Toe DIE WAPAD in 1955 weer by 'n ander drukker laat druk is, is besluit om die formaat weer te verander, naamlik na die van die huidige WAPAD. Daar is toe ook 'n groot verbetering gemaak in die tegniese afwerking van die blad toe op 'n beter papier gedruk is en oor die algemeen meer aandag gegee is aan die voorkoms van die blad.

## Arbeidskursusse aan Universiteit

### Min. Jan de Klerk tydens Gradedag

**BY GELEENTHEID VAN DIE GRADEDAG, SATERDAG 17 Maart, het die minister Jan de Klerk as preker opgetree oor die onderwerp van die noodsaaklikheid van Arbeidskursusse aan die Universiteit. By die geleentheid is Tweehonderd-en-agt grade toegeken, waarvan ongeveer een derde nagraadse grade was. Dit was ook die geleentheid van die viering van die eerste Lustrum van die Universiteit. Die rektor van die Universiteit het kortliks 'n oorsig gegee oor die term Lustrum en die wyse waarop die Universiteit hierdie naam gebruik vir sy feesvierings.**

Op vloeiende wyse het minister Jan de Klerk daarna sy rede gehou. Hy het gesê dat die Universiteit sy deel bydra tot die opleiding van werkkragte van sy land se industrieë en ekonomie. Hierdie opleiding is egter oorwegend van 'n teoretiese aard en „dit is gebiedend noodsaaklik dat arbeidskursusse ook by die leerplanne ingevoeg word", het hy gesê. Die tyd is ryp vir die instelling van arbeidswetenskappe — 'n opsig waarin die Afrikaanse Universiteite ver agterstaan by die oorsese. Vir die unieke Suid-Afrikaanse toestande in die arbeidswêreld moet gebruik gemaak word van die wetenskaplike navorsings van oorsese spesialiste.

### Kultuur en Arbeid

Soms word kultuur en arbeid teenoor mekaar gestel asof die een niks met die ander te doen sou hê nie, het die minister gesê. Die taak van die kultuur sou dan wees om mense te kweek, terwyl die arbeid verlaag word tot 'n kultuurlose eksaktheid. In werklikheid egter word die arbeid wat deur 'n volk verrig word, as maatstaf geneem vir sy kulturele peil. Die P.U. vir C.H.O. is in 'n besonder gunstige posisie om bogenoemde wanopvatting die nek in te slaan, en die kloof tussen arbeid en kultuur te oorbrug.

### Navorsingsmoontlikhede.

**Vir die ekonomie is dit noodsaaklik om nywerheidsvrede te bewaar, en ook die produktiwiteit in die bedryf en die behoorlike lewensstandaard is van belang vir die ekonomie. Tog is daar in Suid-Afrika byna geen navorsing op hierdie gebied met al die kleinere probleme wat daarmee saamhang, gedoen nie, het die spreker gesê. Aan probleme soos die beweging van arbeidskragte in Suid-Afrika, wisseling van rasse, beroepsvoorligting, plasing van sub-normale persone, oues van dae en liggaamlik ongeskiktes in geskikte werkkringe, arbeidsbronne, diensvoorwaardes, ongeluk, afwesigheid van werk en personeelbestuur, is in ons land byna geen navorsing gedoen nie.**

Daarom, het spreker gesê, word daar gevoel dat arbeidsaangeleenthede met meer vrug by die kursusse ingevoeg kan word. Dit sal veral nagraadse studie op hierdie gebiede aanmoedig.

Suid-Afrika is deur 'n industrieële en ekonomiese rewolusie getref en die Afrikaner betree die nywerheidsgebied meer en meer — egter teen betaling van 'n hoë tol, naamlik dat die volk verander van 'n standvastige boerebevolking na 'n massa wat gewin najaag. Die Suid-Afrikaner is dus as't ware te vroeg ryp en slegs deur wetenskaplike navorsing op hierdie gebied, het minister De Klerk gesê, kan hierdie posisie weer herstel word.

J. TOD SUTTIE.
Komplete
Mansuitrusters
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 127 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

DAMES!!
Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.
OOK ALLE TOILETWARE.
CACHET MODES (EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 56A — FOON 1389
POTCHEFSTROOM

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

I. GLASER
OMEGA en TISSOT HORLOSIES
JUWELIER
H/v 137 Kerkstraat en Autolaan

LOOCK
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 102 — Telefoon 855
POTCHEFSTROOM.

BESOEK—
HARRY JEDEIKIN
VIR
BOUMATERIAAL TIMMERHOUT en YSTERWARE.
TEVREDENHEID GEWAARBORG
Foon 639 115 Kerkstraat

UNIE BAKKERYE
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.
TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 38, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp

J. HEIDEMA
Vir
FIETSE,
TIKMASJIENE
en
MOTORFIETSE
J. HEIDEMA
(teenoor Geref. Kerk.)
Kerkstraat 30,
POTCHEFSTROOM.

O. K. BAZAARS
Waar Suid-Afrika koop !
DIE O.K. BAZAAR HOU DIE MARK ELKE DAG DOP VIR WINSKOPIES WAT ONS LAER PRYSE STEEDS LAER LAAT DAAL.
DEUR ONS WINSKOPIES BESPAAR U
Koop kontant en bespaar
O. K. Bazaar, Potchefstroom
Foon 404 Posbus 102

CORNER FRUIT STORE
vir al u
- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.
VRUGTE en GROENTE.
Bekend vanweë sy UITSTEKENDE DIENS!!

Drink S & S en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 13

Die Wapad

Woensdag 28 Maart, 1956.
**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# DIE WAPAD IN TIEN JAAR

Dit is met vreugde dat ons nou kan terugkyk op die tienjarige bestaan van DIE WAPAD as die studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. en as offisiële orgaan van die Studenteraad. Elders het ons kortliks die ontstaan van DIE WAPAD geskets (Sien berig op bladsy een). Met die groei van die studentetal van die inrigting het ook die bestaan van 'n studentekoerant noodsaaklik geword.

Om twee redes kon die ou BESEMBOS nie langer die plek vul wat die WAPAD tans inneem nie. Eerstens moes die BESEMBOS die karakter van 'n tydskrif dra wat die rigting en grondslag van die Universiteit weergee. Dit kon dus nie eintlik dien as 'n studentekoerant nie. En as DIE WAPAD dan tog nie die beginsels van ons inrigting prysgee nie, kan dit darem meer optree as 'n nuusblad. In die tweede plek kon die BESEMBOS ook nie ageer as die offisiële orgaan van die Studenteraad nie. In hierdie opsig kan DIE WAPAD volkome aan sy doel beantwoord.

Vir tien jaar al. Ons besef volkome dat in hierdie tien jaar daar al geskille was oor die bestaansreg van DIE WAPAD en ons besef ook dat die vorm van DIE WAPAD wat betref sy inhoud in hierdie tien jaar ook in die gedrang was. Maar elke keer het DIE WAPAD groter bewys gelewer dat sy bestaan uiters noodsaaklik is. Maar ons wil dit tog betwyfel dat al ons studente hiervan bewus is.

DIE WAPAD geniet minder aandag in ons studentelewe as wat die geval behoort te wees. Bewys hiervan is die aantal intekenare op DIE WAPAD en ook die manier waarop dit gelees word. As ons tog ook maar aan ons studente kon leer hoe om te lees! Ons vurige wens is maar net dat ons studente ook al meer en meer onder die besef sal kom van die onontbeerlikheid van DIE WAPAD. Dan sal ons ook al 'n groot stap vooruit gevorder het en dan sal DIE WAPAD al ver gevorder het op die pad waarvoor hy daargestel is om te bereik.

# Die Bybelse grondslag vir ons Wetenskap.

Met die keuse van „Ons Beginsels" as onderwerp vir die feesviering van die studente tydens die herdenking van die vyfjarige bestaan van die Universiteit en die keuse van „Die Bybel as Grondslag van die Wetenskap", het die Studenteraad sekerlik 'n moedige stap geneem. Dit beteken veel vir die studente as dit uiting van hulle blydskap oor die vyfde verjaardag van die Universiteit is, dat hulle juis die beginsel grondslag van die P.U. vir C.H.O. as onderwerp neem om met die ander Universiteite van ons land daaroor samesprekings te hou, terwyl hulle geweet het dat van die ander Universiteite nie dieselfde standpunt huldig nie.

Dat dit ook wel waar is dat die ander Universiteite nie op alle gebiede met ons kan saamstem nie, is bewys deur die optrede van die verteenwoordigers van die ander Universiteite wat daar teenwoordig was. Terwyl elkeen van hulle sy eie standpunt gehad en nogal sterk gestel het, was daar in meer as een geval 'n standpunt wat radikaal van die van ons verskil het en wat ons selfs met verbasing vervul het, veral waar dit gegaan het om mense wat ons beskou as ons eie bloedverwante.

En dit het weer duidelik geblyk dat die standpunt waarop ons staan, 'n standpunt is wat 'n hegte eenheid vertoon. Vir eeue al het die stryd gewoed om die dualisme tussen geloof en wete en dit is inderdaad 'n dualisme as die wetenskap beoefen word soos wat op die aand van die Simposium aan ons gestel is, naamlik dat jou wetenskapsbeoefening niks met jou geloof te doen mag hê nie. Dan is die botsing onvermydelik. Want sodra as wat jy nie 'n God aanneem wat die soewereine Skepper van die Kosmos is nie en wat die wonderorde en oerverskeidenheid in die Skepping gelê het nie, dan moet jy in die verklaring van jou wetenskaplike resultate noodwendig bots met jou geloofsbeginsels. Want die wonder van God in die natuur sal ons met ons sonde verduisterde verstand nooit deurgrond nie. As ons nie die Bybel gehad het om hierdie lig op ons wetenskap te werp nie, sou ons ook maar gewees het soos een wat in die duisternis rondtas.

Maar ons staan nie alleen verstom nie, maar dit is ook 'n groot vrees wat ons aangryp. Want wat van ons Afrikanervolk wat nog altyd hom daarop beroem het dat hy 'n volk is wat die Calvinisme met hart en siel aanhang, as hierdie wetenskapsbeskouing moet deursuur ook na die breë lae van ons volk? En wie sal dit keer? En daarom die beklemming om ons hart. En daarom die besef dat ons taak en roeping in ons volkslewe nog groter is as wat ons dit ons nog altyd voorgestel het. En as hierdie Simposium maar daartoe bygedra het om ons duidelik voor hierdie gevaar te stel, om ons oë te open vir hierdie bedreiging, dan sal die Studenteraad sekerlik nie beskaamd staan oor hierdie poging van hom om ons Bybelse grondslag so pertinent onder die aandag van ons studente te bring nie.

## Oordenking

# 'N LEË LEWE!

**Dan. 5:27 . . . . „u is op die weegskaal geweeg en te lig bevind."**

'n Leë lewe! — Dit geld in die ware sin van die woord van die lewe van Belsasar — Hy wat in drinkgelag verkeer het, terwyl die vyand op die poorte van die stad aanstoot.

Die Skrif aan die muur maak wel 'n indruk op hom, maar dit is gou verby. So min glo hy van die profesie wat in daardie Skrif vervat is, dat hy Daniël uitroep tot die derde keiser in sy koninkryk — waarvan die dae getel is!

Die hoofsonde is nie die ontwyding van die tempelgereedskap nie — Sy hoofsonde is sy **negatiewe** lewensinstelling! Die lesse van die historie aan Nebukadnesar het hy negeer. Maar veral: „Die God, in wie se hand u lewe is, en wat al u paaie beskik, het u **nie verheerlik nie!**" Daarom is sy lewe „te lig bevind". Dit het geen inhoud gehad nie! Dit was 'n leë lewe! En so is elke lewe wat God nie verheerlik nie — 'n leë lewe — ook in ons studentegemeenskap.

Ons word geroep om ons dae te tel, maar ook te weeg, medestudente! Onthou: „die mens sien aan wat voor oë is, maar God sien die hart aan!"

En die oordeel oor u leë lewe lê in vier vreemde woorde aan die muur: méne, mené, tekél ufarsin.

Aan die ander kant: die bevryding van die oordeel lê in vier vreemde woorde aan die kruis: Eli, Eli lama, Sabagtâni — sodat ons tot God geneem en nimmer weer deur Hom verlaat sou word nie. Vir wie in Christus glo, kry die lewe inhoud. Dit word vrugbaar! Geheel vir Christus! Laat dit ook so wees met ons, medestudente. En laat in al ons doen en late dit voorop staan: Alles tot die eer van God!

P. J. STEYN.

**REDAKSIE**

E. J. Smit (Hoofred.), C. D. Roode (Asst.-hoofred. en Kuns), P. J S. de Klerk, D. C. Coetzee en mej. M. Stoker (Nuus), mej. H. E. Dekker (Kuns), J. C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Aflos) en C. Harrington (Fotograaf).

**ADMINISTRASIE**

J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Riekert, H. Steyn, J. Hoogenboezem, C. J. Steenkamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

# GEDETERMINEERDHEID

## Korps luister na Prof. W. J. Snyman

AS DEEL VAN DIE FEESVIERINGS van die Studenteraad met die viering van die eerste Lustrum van die Universiteit en waar die Studenteraad besluit het dat die fees die vorm van 'n Simposium sal aanneem, wat sou gaan oor die beginsels van ons Universiteit, het die gedagte ook ontstaan om 'n tweetal voorbereidende lesings te laat hou om die studente in te lig oor ons beginsels, sodat hulle met groter vrug kan deelneem aan die Simposium. As deel hiervan het prof. W. J. Snyman op Woensdagaand 14 Maart voor Korps opgetree met 'n lesing oor die aktualiteit van die Calvinisme vir vandag.

In sy rede het prof. Snyman dadelik daaraan toegevoeg dat hy hom meer sal bepaal by „Gedetermineerdheid" as onderwerp, omdat die onderwerp so breed is. Hierdie woord het hy in twee betekenisse gebruik, naamlik gedetermineerd in die sin van vasberade en van begrensd, gebonde.

Uit die woord van Luther: „Hier staan ek, ek kan nie anders nie." spreek albei hierdie betekenisse: i. Luther is gebonde, gedwonge om die waarheid te verkondig. In hierdie aktiwiteit lê sy vryheid. Hy weier om te buig onder die juk van Rome. ii. Hierin lê ook opgesluit gedetermineerdheid in die sin van vasberadenheid. Hy stuit vir niks en voer sy hervormingsgedagte deur. Die Reformasie is as't ware op vasberadenheid gebou.

Teenoor hierdie vryheid staan byvoorbeeld die van die Eksistensialisme. Soos 'n skipbreukeling wie se laaste „vryheid" daarin lê of hy van die sinkende skip in die see wil spring, of saam met die skip wil ondergaan, in beide gevalle 'n vryheid tot die dood.

### Uitverkies

Ook die Calvinis staan in 'n sekere situasie. Hy is deur God daarin geplaas, dus gedetermineerd, gebonde. Van nature is hy sleg, gedoem tot die dood deur sy misdade. Hy kan homself nie red nie. Hierdie werklikheid hou die Calvinis altyd in die oog. Hy sien dat ook hy in 'n situasie staan wat geen uitkomkans bied nie. Maar God het hom in Sy genade ook 'n behoudenis gegee: die ark van sy uitverkiesing van ewigheid tot ewigheid. Deur Christus is ons uit ons doodsituasie in 'n situasie van lewe oorgeplaas. Ook hier is die Calvinis gedetermineerd. Hy leef volgens Gods soewereine welbehae.

Die plig van die jong Calvinis is nou om hom altyd bewus te wees van hierdie anderse situasie waarin hy staan: hoewel hy dood was, is hy nou weer lewend in Christus. Daarom moet hy aktief wees, biddend in die stryd teen die sonde.

Die mens is begrensd, „gedetermineerd", ingesluit in allerlei kringe, elkeen op sy beurt weer begrensd. Teen die neiging van ons tyd moet ons altyd hierdie grense behou en ons spesifieke begrensde roeping in elke spesifieke begrensde situasie onthou.

### Wetenskap

**Een van hierdie begrensde situasies is die wetenskapsbeoefening. Ook daarin is ek gebonde om dit te beoefen in die gehoorsaamheid aan die Woord van God. In die lig van Gods Woord en tot eer van God. Die moderne neiging soos die vertegnisering van die wetenskap en positiwisme bestry hierdie ideaal. Daarom is dit die plig van die Calvinistiese wetenskaplike en student om die „geestelike" aan te toon, selfs in die Dierkunde en die Plantkunde.**

Dus, ons moet vasberade optree, welbewus van ons begrensdheid, en moet beslistheid en oortuigingskrag uit ons optrede laat spreek.

Op 'n vraag het prof. Snyman geantwoord dat die skynbaar teenstrydige elemente van uitverkore en tog vry wees; gedetermineerd en tog ongebonde wees, daaruit verklaar moet word dat die Calvinisme nie gebore is uit menslike denke nie, en Gods weë vir ons verstand nie logies te verklaar is nie.

# ONS CHRISTELIK-NASIONALE GRONDSLAG

## Prof. J. C. Coetzee voor A.S.B.

**„DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE BEGINSELS in ons volkslewe is, elkeen op homself geneem, onaanneemlik en kan nie afsonderlik aanvaar word nie, maar dit moet gesamentlik as Christelik-nasionale grondgedagte die grondslag vorm waarop ons volkslewe gebaseer is," het prof. J. Chris Coetzee, rektor van die P.U., op Donderdagaand 15 Maart in 'n rede oor „Ons Christelik-nasionale grondslag" voor die plaaslike tak van die Afrikaanse Studentebond gesê. Prof. Coetzee het daarop gewys dat die Christelike gedagte uit die aard van die saak internasionaal is, terwyl die nasionale gedagte, afsonderlik genoem, heidens is, omdat dit geen groter mag as die owerheid van hierdie aarde ken nie. Daarom word ons Afrikaanse gedagte, soos uitgeleef in die A.S.B., gedra deur die Christelik-nasionale grondgedagte. Dit is ook die grondgedagte van die P.U. vir C.H.O., van ons land en van ons vaderlandsgeskiedenis.**

Prof. Coetzee het begin deur aan te toon dat die Christelike beginsel, soos opgeneem in die belydenis van die A.S.B. uitgaan van 'n sekere geloofsartikel, naamlik dat hierdie beginsel as grondslag Christus het, wat ons alleen deur die Bybel kan leer ken. Daarom moet 'n organisasie wat 'n Christelike grondslag het, op die Bybel gegrond wees. Spreker het daarop die vraag gestel na die betekenis van „Christelik" in 'n grondslag, en as antwoord daarop gesê dat dit die verhouding van mens tot God bepaal, en wel op tweërlei wyse, te wete objektief en subjektief. Objektief is dit 'n verhouding van die erkenning van Christus as die eniggebore Seun van God. Subjektief bevat die feit dat ons onsself Christene noem sekere elemente waarvan die vernaamste is dat ons lede van Christus is, dat ons aan die salwing deel het en dat ons onsself as dankoffers toewy aan Christus.

### Nasionale Beginsel

Spreker het voorts die geloofsartikel van die nasionale beginsel gestel, naamlik dat die nasionale grondgedagte alleen gebore word uit die geskiedenis van eie land en volk. Dit gaan hier om die verhouding van mens tot volk, en daar is in hierdie verhouding ook 'n subjektiewe en objektiewe kant. Objektief gaan dit om die owerheid, die koning, en subjektief raak dit die indiwidu wat lid is van die volk. Daarom bely ons ook dat ons as burgers aan ons volk behoort. So is elke burger geroepe om sy volk te bely en om sy lewe as dankoffer toe te wy aan sy volk. Verder wend ons ons as nasionale burgers om met lewe en goed te stry teen landsverraad.

Aangesien albei genoemde beginsels afsonderlik verwerplik is, het spreker die Christelik-nasionale beginsel gestel. Dan, het hy gesê, het ons een massiewe fondament, bestaande uit twee stowwe. So is die grondslag van die A.S.B., want dieselfde beginsel wat die P.U. vir C.H.O. stuur, stuur ook die A.S.B.

Prof. Coetzee het veral drie geloofsartikels in die belydenis van die Christelik-nasionale grondgedagte geskets. In die eerste plek is ons nie toevallig Afrikaners nie, maar ons eie land en volk word deur God beskik, en hierop is ons Afrikaner-belydenis gegrond.

In die tweede plek het alle volke, nie net die Afrikaner volk nie, 'n goddelike roeping. Die gelowige Afrikaner het dus 'n gelowige ideaal.

Derders is die Christelik-nasionale gevoel gebasseer op die geskiedenis as deel van die openbaring van God se raadsplan. Ons is dus almal geroepe om in die volkslewe so te lewe dat ons die Naam van God verheerlik. As voorbeeld het spreker gewys op die wording van die Voortrekkers en die twee Republieke. Die Voortrekkers was geen volk nie., maar hulle was teokraties, want hulle het alles onderneem in belang van hulle Skepper.

Tenslotte het prof. Coetzee die hoop uitgespreek dat ons as Afrikaners in 'n moontlike republiek ons volkseenheid op die Christelik-nasionale grondgedagte sal stel.


Bus 206 Tel. 164 & 1167
H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstraat
CENTRAL CASH STORE
POTCHEFSTROOM
Vir Vars Vrugte,
Groente,
Kruideniersware,
Damesuitrustings,
Kombuisgereedskap.
ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP.

DAVY ROBERTSON KUNSSENTRUM
Vir die Mooiste
PORTRETTE en RAME
SANLAM-GEBOU

TURKSTRA BAKKERY
Raadpleeg ons vir . . .
● BRUIDSKOEKE,
● BROOD
en
● ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . !

Phone 369 Foon 369
POTCHEFSTROOM
For/Vir
"SUNFROZE"
Roomys — Ice Cream

# Van Studenteraadswee

'n Woordjie van hartlike gelukwense aan „Die Wapad" met sy tiende verjaardag. Mag u voortgaan om, soos tans, pragtige koördinerende werk te doen. En mag daar nog vele redaksies wees wat ons studentekoerant op so 'n waardige wyse dien as die klompie wat vir die puik uitgawe van 7 Maart 1956 verantwoordelik was.

Ook aan alle nuwe graaddraers, veels geluk. Ons is saam met u bly.

Verskeie sakies van meer organisatoriese aard is tans onder hande in die Studenteraadskantoor. Hier is 'n paar van hulle.

**PROJEKTOR VIR STUDENTESAAL.**

Die projektor-kamer in die Studentesaal is nog steeds leeg. Die Studenteraad is tans besig om met oom Piet Buys, bekende Rembrandtman en skenker van die P. W. Buys-trofee, kop bymekaar te sit in hierdie verband. Sodra as die planne mooi vorm aanneem, hoor u meer.

**DIE LIEFDE.**

Dan is daar ook 'n kommissie wat besig is met 'n amoreus-geografiese studie van die P.U.-terrein. Hulle moet naamlik ingaan op die dienlikheid van die huidige plasing van sekere bankies en ook aanbevelings doen met die oog op byvoeging van dergelyke bankies in die nabye toekoms. Ook die kwessie hout/konkreet sal hulle oplettende oë nie ontsnap nie. Sterkte vir hierdie liefdevolle arbeid!

**LENINGS EN . . . .**

Die O/19-spanne se oefenveld word so laks is om die geld wat hulle geleen het, op die gesette tyd terug te betaal. Dit het die Studenteraad genoodsaak om die volgende besluit te neem in verband met lenings wat by die Studenteraad aangegaan word:

In die eerste plek sal liggame wat 'n lening wil aangaan, persoonlike sekuriteit vir afbetaling na verstryking van die leningstydperk moet bied. Dit sal hopelik verhoed dat die een bestuur met skuld wat deur hulle voorgangers aangegaan is, opgeskeep sit.

En in die tweede plek sal 'n boete bereken teen 20% per jaar op alle agterstallige terugbetalings gehef word.

**NUWE VOETBALVELD.**

Die o. 19-spanne se oefenveld word tans bedreig deur die naderende oprigting van die nuwe Chemie-laboratorium. Van owerheidsweë het die versoek tot die Studenteraad gekom om die werk wat nie deur ons militêre buurmanne afgehandel kon word nie, te voltooi.

Mnr. J. J. A. Steenkamp, wat deur die Studenteraad met die uitvoering van hierdie versoek belas is, is gemagtig om 'n aardige sommetjie vir u sweet te betaal. Laat ons saamwerk soos in die dae toe die studente self — en dit sonder enige vergoeding — die uitlê van hul sportvelde aangepak het.

**VREUGDEDAG EN INTERVARSITY.**

Op 28 April sal Potchefstroom hom moet ken want neef Peet Duvenage en sy Vreugdedaggers het groot planne. Mooi so, Peet en kie.!

En op die 12e Mei is dit weer 'n stryd teen al wat kat is. Ons sien uit na 'n aangename en 'n gesonde intervarsity, Bloemfontein!

**'N PAAR WENKE.**

Moenie probeer om aankope vir u liggaam (hier = organisasie) te doen sonder om die voorgeskrewe bestelvorms te gebruik nie. U sal voortaan self moet opdok.

Onthou dat die suidelike kennisgewingbord by die hoofgebou slegs tot beskikking is van liggame wat onder patronaat van die Studenteraad staan. As 'n ander instansie iets aan daardie kennisgewingbord wil heg, moet spesiale vergunning van 'n Studenteraadslid verkry word.

Sekretaris (-esse)! Is u briewe in so 'n toestand dat hulle darem nie u klub, vereniging of komitee in die skande steek nie? Indien nie, sal hulle — soos in die afgelope tyd gebeur het — van die tafel af gereël word. En is u op hoogte met die nuwe kontrole-stelsel, veral i.v.m. die afhaal en terugbesorg van die kaartjies by die Studenteraadskantoor?

**KANTOORURE.**

Sekretariële dagbestuur:
Dinsdae en Donderdae: 2.00—3.00 nm.
Penningmeester:
Maandae en Donderdae: 7.00 — 8.00 nm.

**HARTLIK DANK.**

Aan almal wat bygedra het tot die welslae van ons verrigtinge ter herdenking van die vyfjarige selfstandige bestaan, ons hartlikste dank. Dit geld in besondere mate vir die pragtige houding wat u ten tyde van die Simposium ingeslaan het.

**Om studente soos u te dien, is altyd 'n voorreg. En daarom sal u Studenteraad steeds alles in sy vermoë doen om u belange op die suiwerste manier moontlik te behartig. Want wat in die eerste plek plig is, het u vir ons ook plesier en voorreg gemaak.**

T. v.d. W.

VIR . . . . .
**VIS, ERTAPPELS, VERVERSINGS, ens.**
Von Wiellighstraat 13,
POTCHEFSTROOM.
**WELKOM KAFEE**
**Dis u Kafee, Studente!**

# Op die S.R.-Tafel

(29 Februarie — 13 Maart). Aantal vergaderings: 4.

- Simposium
- Kleurmisbruik
- Nuwe rugbyveld
- Tussenverkiesings
- Intervarsity
- Diskoteek
- Sabra
- Lenings
- Finansiële stelsel
- Studentesaal
- Ramings en Begrotings
- Alma Mater
- Rusbankies
- Toernooi-verslae
- Vreugdedag
- Geloofsleer
- Stoor
- Beleidsraad A.S.B.
- Brosjure
- Projektor vir Studentesaal.



## VAN DIE REDAKSIE

Reitzstraat 41,
Potchefstroom.
28 Maart 1956

Geagte Pukke,

Dis nou so pas na die feesvierings van die Universiteit en daarby ook die van die Studenteraad en ons poog dus om in hierdie uitgawe van die WAPAD so veel moontlik van hierdie verrigtinge vas te lê sodat dit later miskien as 'n referensie gebruik kan word. Ons hoop dat by al hierdie geleenthede van belang, hierdie uitgawe darem naastenby aan die verwagtinge sal voldoen.

Soos ons ook in die vorige uitgawe beloof het, bied ons in hierdie uitgawe iets van die ontstaan van DIE WAPAD. Ons hoop ook dat dit sal dien tot herdenking van die tienjarige bestaan van ons blad.

En nou kom ook weer die einde van 'n kwartaal en die begin van 'n nuwe. Mag die vakansie vir u sterkend wees en mag daar weer nuwe moed en besieling wees na die vakansie. Mag u versterkte kragte en weer opgeboude senuwees u daartoe aanhelp en mag die vakansie ook sorg vir die nodige inspirasie.

Alles van die beste!
E. J. Smit (Hoofred.)

**BLITZ!...**
**DROOGSKOONMAKERS**
**Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**
LANGS WELKOM-KAFEE.
Besoek ons vir betroubare werk en spoed!
**FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.**

**DIE BULT SKAATSBAAN**
„PUKKE, ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING!"
Oop vanaf 7.30 in die aand

**JOE'S MOTORS**
25 Kerkstraat Foon 923
HANDELAARS IN ONDERDELE
KOOP EN VERKOOP TWEEDEHANDSE MOTORS
ONS WAARBORG ALLE HERSTELWERK.




„Kry 'n Kommando!"

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

* *Uit fabrieke in al vier die provinsies, kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

# Thalia maak Planne.

DIE uitstel van die kunsfees van die A.S.B. na die September-vakansie bring mee dat Thalia nog nie die geleentheid gegun is om sy planne vir vanjaar te begin verwerklik nie. Die twee eenakters wat vir hierdie fees ingeskryf is, naamlik **Die Jammer Hart** (W. A. de Klerk) en **The Monkey's Paw** (W. W. Jacobs), sal egter na die Julie-vakansie aangepak word.

Gedurende Julie sal Thalia deur Suid-Wes toer met **Liefde en Toeval,** 'n Franse komedie, vertaal deur dr. T. T. Cloete. (Die finale goedkeuring van die A.B.K.K. en die Studenteraad moet nog vir die stuk verkry word.)

Behalwe hierdie stukke bied Thalia 'n klugtige eenakter aan tydens die Vreugdedagvierings, terwyl elk van die programvergaderings vanjaar 'n volledige opvoering sal bevat. Daar bestaan ook nog 'n plan vir verdere opvoerings plaaslik en elders in die loop van die jaar.

'n Betekenisvolle stap is gedoen deur die bestuur van Thalia toe die affiliasie met F.A.T.S.A. verbreek is. Daar is gevoel dat hierdie band nie veel praktiese nut meebring nie en in stede daarvan word 'n verteenwoordiger op die plaaslike aksiekomitee van N.T.O. nou tot die Thalia-bestuur toegevoeg, wat hopelik veel vrugte sal afwerp.

Dit dien ook vermeld te word dat Thalia vanjaar ook veral aandag aan regie gaan wy. Sprekend is byvoorbeeld die feit dat nou die dienste van mev. Bess Finney, voorheen 'n Londense en Johannesburgse aktrise van besondere faam, verkry is.

'n Besondere stap was ook om dr. T. T. Cloete in sy gewaardeerde dienste aan Thalia as ere-president van die Vereniging te benoem.

Nou lê die pad vorentoe!

---

Ons handhaaf die geloof as die eerste en hoogste akte van die verstand. Vir ons is daar geen stryd tussen glo en weet nie.

— Totius.

* * *

Die lewenselement van alle wetenskap is die misterie. Is dit daar nie, dan kan ons van al ons kennis net sê: Omdat dit geen wortel gehad het nie, is dit verdor.

— Totius.

* * *

De ware, vrije verhouding tot de natuur kan de mensen alleen verkrijgen, als hij staat in de rechte verhouding tot God.

— H. Bavinck.

Die Christelike Universiteit moet deur sy onderrig en sy selfstandige ondersoek die student bring tot 'n wetenskaplike formulering van 'n saamhangende, doeltreffende en gefundeerde lewensfilosofie na die Christelike beginsel.

— Prof. J. Chris Coetzee.

* * *

Ons, as Calviniste, weier om in die beoefening van die wetenskap aan die Christelike godsdiens en in besonder aan die Skrifgeloof die swye op te lê.

— H. G. Stoker.

* * *

Ook op staatkundige terrein bely ek die ewige beginsels van Gods Woord.

— Paul Kruger.

**EXCELSIOR MEUBELS**

**Kerkstraat 132 — Potchefstroom — Telefoon 743**

„Ons nooi Pukke, Oud-Pukke en Vriende om ons Vertoonlokale te kom besigtig!"

**Ons roem daarop dat ons diens ongeëwenaard is in die meubelbedryf.**

ONS REëL AFBETALINGS WAT BY NUWE BEGINNERS SE INKOMSTE PAS.

**Groenpunt-Kafee**

**Von Wiellighstraat,**

vir

**Vars, Smaaklike VRUGTE en GROENTE.**

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

**A. T. LUKE & KIE.**

**APTEKERS**


Vir al u . . .

- **Mediese en skoonheidsbenodigdhede**
- **Grammofoonplate,**
- **Radio en Elektriese Benodigdhede,**
- **Kiekies ontwikkel en afdruk.**

**Bus 29, Potchefstroom, Tel. 3**



## Brokkies uit die Kunswêreld



# DRIE TOERE VANJAAR BEOOG

## Bedrywige Jaar vir „Alabama", „Thalia" en Studentekoor in vooruitsig.

**ALABAMA:**

Volgens meneer Hennie van der Walt, voorsitter van die Alabama Studenteorkes, word groot dinge in die mou gevoer vir vanjaar.

Uit die geledere van die eerstejaars het glo 'n paar talentvolle ghitaarslaners te voorskyn gekom sodat die orkes, tesame met die ou beproefde kern, vanjaar weer een van die pronkliggame aan die P.U. gaan wees.

Gedurende die wintervakansie word 'n toer deur Wes-Transvaal en Noord-Kaapland beoog. Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die P.U. dat 'n toer deur hierdie geweste onderneem word. Die geselskap wat waarskynlik uit 25 lede sal bestaan, sal per bus reis.

Die oefeninge van die orkes is reeds in volle gang en aan entoesiasme en gees ontbreek dit geensins.

**THALIA:**

„Thalia" het 1956 op 'n hoë noot begin. Daar word gepoog om hierdie jaar op die beste manier te benut.

Daar is besluit om tenminste drie stukke op die planke te bring. Twee eenakters word ingeskryf vir die A.S.B.-kompetisie wat gedurende die Oktobervakansie in Bloemfontein gehou word. In verband hiermee is besluit om weg te bly van „box office attractions"; dus is op ambisieuse wyse twee sterk dramatiese stukke aangepak, naamlik „The Monkey's Paw" (Jacobs) en „Die Jammer Hart" (De Klerk). Die rollesing is alreeds gehou en vriend en vyand is verras deur die talent van die spelers wat meegeding het om rolle. Meneer André Brink en Mejuffrou Mercia du Toit sal die hoofrolle in die Afrikaanse stuk vertolk, terwyl Meneer Lood Muller en Mejuffrou Bets Coetzee die hoofspelers in die Engelse stuk sal wees.

Die vereniging het besluit om vanjaar weer S.W.A. as toergebied te kies en met 'n besoek aan die Etoshapan in vooruitsig, beloof dit om uiters interessant te wees. Dr. T. T. Cloete is tans besig met die vertaling van 'n blyspel uit Frans wat op die toer aangebied sal word. Daar word 22 toerlede benodig.

„Thalia" gaan ook sy deel bydra tot vanjaar se Vreugdedag deur 'n blyspel op te voer — miskien as deel van 'n verskeidenheidskonsert. Die rollesing hiervoor sal binnekort gehou word en alleen persone wat nie as spelers vir die A.S.B.-stukke gekies is nie, sal kan deelneem.

**STUDENTEKOOR:**

Vanjaar is sommer 'n groot jaar in die bestaan van die Studentekoor aan die P.U: Dit staan as onderliggaam van die Musiekvereniging op 'n veel hegter grondslag as ooit tevore; daarby gaan die vereniging vanjaar alreeds 'n toer onderneem — waarskynlik deur Wes-Trnsvaal of die Rand. Voorlopig is besluit om die Oktobervakansie hiervoor te gebruik.

Ook hierdie vereniging gaan sy deeltjie bydra tot die herdenking van die geboorte van Mozart, deur hom toe te spits op die uitvoering van die ligtere werke van hierdie groot meester.

Vir bevredigende diens . . . . !
besoek

**DIE LOKALE HAARKAPPERS**
**KING'S HOTEL-GEBOU,**
Kerkstraat 158 — Telefoon 902.
POTCHEFSTROOM.
Eienaar: P. W. Taljaard.

# Buitengewoon geslaagde Redenaars-kompetisie.

### *Debatsvereniging sorg vir aangename aand.*

Op Vrydagaand, 9 Maart, het die Debatsvereniging sy eerste byeenkoms van die jaar gehou. Dit het die vorm van 'n redenaarskompetisie aangeneem waar die persone aangewys is wat as verteenwoordigers van die P.U. aan die A.S.B.-kompetisie sal deelneem.

Die besondere belangstelling wat daar heers vir die redenaarskuns, word weerspieël in die feit dat nie minder as dertien persone aan die kompetisie deelgeneem het nie. Die gehalte van die toesprake was hoog en het gewissel van „Sleep" (no.1) tot „Die Krisis van die Afrikaanse Prosa" (No. 13). Tussenin het nog o.a. aan die beurt gekom: „Waarom haat ons die Jode?", 'n lansie is gebreek vir die moderne jeug en 'n wysgerige benadering van die Eksistensialisme is gelewer.

Dr. Ben Schutte en Dr. Fanus du Plessis het geen maklike taak gehad om die eerste drie plekke toe te ken nie, maar het flink uit die moeilikheid gekom deur twee eerste en twee tweede plekke toe te ken. Mnre. **André Brink** en **Jan Schutte** het die louere vir die eerste plek gedeel en mnre. **Tokkelok van der Walt** en **I. van der Walt** het saam tweede gekom.

## Geluk, Bessie en Jackie!

Ons hartlike gelukwensing aan **Mej. Bessie Seyffert en Mnr. Jack Strydom**, voormalige hoofredakteur van die Wapad, met hulle verlowing. Mag die volgende stap spoedig wees!

**Studente . . . !!**
Vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 90 — Telefoon 497

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 155,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!!**

**SONSKYN KAFEE**
TOMSTRAAT,
POTCHEFSTROOM
VIR U —
SIGARETTE,
LEKKERS,
KOELDRANKE,
EN ANDER VERVERSING
en ander verversings, asook
SNOOKER.
UITSTEKENDE DIENS.

**S.A.N.L.A.M.**
Word verteenwoordig deur
MNR. VENTER,
Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,
POTCHEFSTROOM
Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

**SAAMWERK WINKEL,**
VON WIELLIGHSTRAAT 13
Foon 515
Algemene Handelaars
KRUIDENIERSWARE,
HARDEWARE,
KLERASIE,
en SKRYFBEHOEFTES
"Kom ondersteun ons Pukke!"

# Die Bybel as Grondslag van die Wetenskap.

## GESLAAGDE SIMPOSIUM in die Studentesaal.

„Die Bybel as grondslag vir die wetenskapsbeoefening," was die tema van 'n baie geslaagde simposium wat op Vrydagaand 15 Maart in die Totiusgedenksaal gehou is en waaraan verteenwoordigers van die Universiteite van Stellenbosch, Natal, Pretoria en die Oranje Vrystaat deelgeneem het. Die simposium is gereël deur die Studenteraad van die P.U. as deel van die feesprogram en die P.U. se standpunt is deur **mnr. N. T. van der Merwe** gestel.

Mnr. **W. van Zyl**, Studenteraadsvoorsitter van die Universiteit Stellenbosch, het die stelling met die voorbehoud aanvaar dat die Bybel 'n lewende werklikheid moet wees. Die begrip wetenskap het vir hom nie 'n vaste betekenis nie. In die wetenskap is daar 'n subjek wat waarneem uit 'n bestaande situasie, en 'n objek, maar dit moet 'n kennende subjek en objek wees wat in relasie, in organiese verband met mekaar staan. Deur die sonde is hierdie bande egter vernietig en is die wetenskapsbeoefening benadeel. Wedergeboorte is ook van belang vir die wetenskapsbeoefening omdat dit 'n verandering in die mens se bewussyn bring.

God soek die mens en lei hom tot die Heilige Skrif, maar die een mag nie ten koste van die ander oorbeklemtoon word nie. Eers wanneer God deur Sy Heilige Gees op die ondersoeker ingewerk het, kan die Bybel dien as grondslag vir die wetenskapsbeoefening.

**Mnr. H. W. Boers** van die Universiteit Pretoria, het die stelling verwerp, maar nie radikaal nie. Hy verplaas die grondslagtaak van die Bybel en aanvaar die stelling dan. Die Bybel moet die grondslag wees, nie vir die wetenskap nie, maar vir die wetenskapsbeoefenaar in sy persoonlike lewe. Die wetenskap kan volgens hom alleen dan op sy beste beoefen word indien die persoon van die wetenskaplike geen rol speel nie, maar dit kan ook van 'n suiwer manier beoefen word op 'n suiwer manier beoefen word self, egter, staan onder die aanspreke van die Woord van God. Daardeur kry sy wetenskap sekerlik 'n nuwe betekenis vir hom, dit word dan vir hom werklikheid en alles kry dan vir hom sin. Hierdie betekenis maak vir hom van die wetenskap iets meer as net blote wetenskap en as wat dit eers vir hom was.

**Mej. M. Philips** van die Universiteit Natal, het die stelling absoluut verwerp omdat dit intellektueel oneerlik is en omdat die Bybel alleen van waarde is vir die onchristelike lewe van die indiwiduele Chriten, hoofsaaklik wat die etiese sy betref. Die doel van die Bybel is volgens haar om 'n weergawe van die ooreenkomste tussen God en die mens te gee. Die verhale van die Bybel is slegs moreel waar en daar is nie akkurate informasie in die Bybel vir elke ding nie. Dit is ook gevaarlik om 'n heilige woordelikse inspirasie in die Bybel te aanvaar omdat daar baie vertalings van die Bybel is. Dit is volgens haar sonder verbeeldingskrag en daarom moet ons nie vashou aan 'n letterlike interpretasie van die Bybel nie. Verder is daar 'n weergawe van die woorde en dade van Christus in die Bybel, maar die Bybel is nie die enigste Woord van God nie, want God spreek ook op ander maniere as deur die Bybel tot sy volk. Eintlik spreek God deur Sy Seun Christus

Die wetenskaplike kennis het ook reeds ver gevorder sonder die Bybel maar moreel bly die mens baie onvolgroeid en daar het hy die Bybel nodig, maar dis geen wetenskaplike handboek.

**Mnr. J. Botha** van die Universiteit Oranje Vrystaat het die stelling heelhartig gesteun en dit veral Christo-Sentries gesien. Daar is twee maniere om die wetenskap te beoefen, suiwer en afdwalend, en daar is vir die mens 'n keuse om hier reg of verkeerd te kies. Neutraliteit is nie moontlik nie en daar is geen neutrale wetenskap nie. Die hele geskape werklikheid is deel van God se raadsplan en wanneer Christus iemand gryp moet sy hele lewe verchristelik. Ons mag die Bybel nie misken as grondslag vir die wetenskapsbeoefening nie., anders stry ons teen God, en ons mag ook nie die geskiedenis losmaak van die Christelike lewensopvatting nie.

**Mnr. N. T. van der Merwe, van die P.U. vir C.H.O., het die stelling vuriglik gesteun met die sentrale gedagte dat deur God en tot God alle dinge is. Die wetenskap moet strek tot eer van God alleen, en daarom is die beginsels van die P.U. veranker in 'n wetenskapsbeoefening wat geheel-en-al op die Heilige Skrif rus en op Calvinistiese grondslag.**

**Die Bybel is die waaragtige Woord van God wat sy lig versprei tot heil van die mens. Hierin lê die diepe betekenis van die Calvinisme. Alles strek tot eer van God. Hierdie teosentriese visie is 'n grondbeginsel van die Calvinisme. Daarom is die wetenskap ook deur en tot God.**

**Ons erken openlik die Bybel as grondslag maar erken ook die abnormaliteit van die wêreld. Die wetenskap behoort enig te gewees het, maar deur die sonde het daar tweërlei wetenskap gekom. Ons beoefen die wetenskap „in U lig", want hierdie lig is 'n gawe van God. Tenslotte het spreker die hoop uitgespreek dat hierdie lig ons ook daartoe mag bring om ander standpunte in te sien.**

Samevattend kan gesê word dat al die sprekers wel Christene wil wees en erken dat die Bybel geen wetenskaplike handboek is nie. Ook besef almal die waarde van die wetenskap, maar van hier af gaan die standpunte uiteen.

Geleentheid vir vrae is ook toegestaan en daarna het 'n deeglike bespreking van die onderwerp gevolg, waarop die vyf sprekers hulle replieke gelewer het.

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.
**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

**HAROLD'S**
**AUTOMOBILE SERVICE STATION.**
Kerkstraat 166 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorraadhouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

**DIE BULT**
**Algemene Handelaar**
Von Wiellighstraat 20,
VIR ALLE
**KRUIDENIERSWARE, HARDEWARE, SIGARETTE, ens.**

**FLEURETTE**
**BLOEMISTE**
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE.

MNR. J. S. DU PLESSIS,
U VERTEENWOORDIGER VAN
**REMBRANDT**
Meyerstraat 9 — Telefoon 897
POTCHEFSTROOM.

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)
• **OOGKUNDIGE.**
• **Brilspesialiteit.**
U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.
Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980
EIE OPTIESE SLYPERY.
Depot: CARLZEIS-JENA.

**J. P. van der WALT APTEEK**

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

---

„Waarom sal jy loop as jy kan ry? . . . !!"

('n Vraag van Frikkie Fietsryer aan Fanie Voetganger)

BESPAAR TYD, KRAGTE en SKOENE deur 'n

**FIETS aan te skaf.**

**C. V.D. MERWE**

FIETSHANDELAAR

Kerkstraat 92, Potchefstroom

---

**JAY'S GARAGE**

(K. NOBEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175, POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

---

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS.

---

**WESTVAAL**

Studente !!!

VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK STUUR NA

**WESTVAAL**

---

**OOSTHUIZEN Kole-agentskap.**

Kerkstraat 70 — Telefoon 312

POTCHEFSTROOM.

# MIEKIE EN DIE ONTHEFFING.

Koeloe,
Pots.
13 Maart 1956.

Liefste Oom soois en tant fya,

Sos wattit mit oom hille gat so gattit met mei ok. Dit help togie om ti klaagie want wie sil fir jou jamir krei op hierdie plek? Ek sê vir oom latik mei doodwerk op hierie joenewersityt. Hierie mense hier het niks ginade met hi mens. Hille gee fir jou honnirde opstelle en anner nonsens. Glukkig het ons darm ok so iets fan pilsiere oppie plek anners het ek lankil ytgipaas . . . fannie lagere kiltiere.

Toe ons ontgroening firbei is het ons hi heerlike ete gihat. Oe, oom, daar was hope koeldrienks en aaskriems . . . en allis was vry! 'n Mens hettie hi pennie daarfoor bitaal. Onssit elk inne iedere hi seen moes vra firrie ete. Dit was hi proppir gimors. Haai oom ek was lanklaas so ferlege. Toe hille ag ier fir ons sê lat ons nie meer dore issie, kon ek hop fannie bleigyt en smaail lattie smaail agter mei ore hak. Die mans was so blei om ons los ti sien lat hille gisegti sos hi son op hi somerdag giskeinit. Ons fraag hille toe mar yt piere plig want anners sou hille stok alleen moes gat.

Die heele mirrag hit ons koppe giwas en ons hari mooi ingedraai. Tant fya moet sien hoet ek geleer om mei hari met drade inte draai. Ek hoor latit pinkieleer geroep wort en ek sil vir tante ok leer. Die aant het almal ons mooiste rokke aangetrek en onssit pragtig gileik. Ai, as daar so hi windjie kom staat allie rokke sommir doer. Seker as fannie dogters yt hi erriplyn moet spring, sos pietroe robbirts, sil niks oorkommie want haar rok sil haar perresjoet wees.

Hiers baija mans op hierie plek. Een seen (fannie mooistes) is nokkels frie. Hei is hi seen met baija plig want hei issie sekrirtaars fannie stoedinte. Hei hou nie fan dogtirs nie want hille hinner hom as hei foetbol speel. Hi anner een wat ampir famielje van oom kort koos koesee is, is proppie koesee. Oe, oom soois heis snaaks . . . heis ok hi man fan firstant want hei het hi mooi moestas. Hei en sei maats is goeie seens want as hille saans fir hi wôk gaan fat hille stokke ommie mysies te ferdedig.

Sos wattik geseg het wassit hi lekker ete en nous ek maar jamir lat ons kos innie kamir opis. Dis nou nie lat ek bedel nie, maar ek fra maar net. Ons pirfessir seg lat om te fra fry is. Fra seblief fir tant fya hi stikkie rooi wol. Mei pieksiekeps het hi gat oppie oor en nou kreig ek so steeke innie oor.

Baije groete fan mei,

MIEKIE.

NS. Oom soois, ekkit ampir ok hi jongekie!

---

## HIS MASTERS VOICE

**TJAART VAN DER WALT bied aan:—**

I Don't love nobody: **Casper Lessing.**

I'll string along with you: **Thelma Pretorius.**

Stranger in Paradise: **Jeremy Ambler.**

Someday my heart will awake: **Pieter Thiel.**

Any time is kissing time: **Hester van Niekerk.**

All through the night: **André Brink.**

Don't let the stars get into your eyes: **Joan Erasmus.**

I don't want anybody at all: **Posthumus.**

I'm gonna wash that man: **Nita Steenkamp.**

Daar's 'n hoender . . . , . **Haan Steyn.**

The merry widow: **Biebie Chapman.**

Side by side: **Louis en Lea.**

Lover come back to me: **Marina Scheepers.**

**W. J. SPAVINS & SEUN**

vir alle

***Elektriese Benodighede***

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 65 — Potchefstroom

# Ai, Vroumense en Mans

Die verstandige man beoordeel die nuwe aan die hand van die oue.

* * *

Indien die vrou net die helfte van die tyd wat sy aan haar skoonheid bestee, aan haar gesondheid wy, sou sy heelwat skoner wees.

Mans, kies 'n vrou met julle ore, nie met julle oë nie.

* * *

Mans kyk na vrouens om hulle te sien, vrouens na mans om gesien te word.

* * *

'n Man is oor die algemeen meer tevrede met 'n vrou wat vir hom 'n goeie maaltyd kan voorberei as met die vrou wat Grieks kan praat.

* * *

Iedere groot man is 'n raaisel wat eers deur die nagesleg opgelos word.

* * *

Noem 'n vrou 'n lammetjie, dan sal sy bloos,

Noem 'n vrou 'n skaap, dan word sy boos.

---

# (Nuus.)

'n Hele aantal Pukke is gedurende die afgelope paar weke „gecase" — een selfs sewentien uur, vyf minute en drie sekondes na die eerste kennismaking.

Rita Robbertse is „gecase" met Charles Lowings, Breggie van Rooy met J. Lemmer van Suid-Wes, Isak van der Walt met Sera du Plessis, Jan Taljaard met Martie Snyders, Ellen Badenhorst met Martin Bekker, Ami van Wyk met Ria Kruger, Piet Riekert met Magdaleen Bekker, Koos Venter met Corrie Scheepers, Dirk Postma met Colinie Kruger, Thelma Pretorius met Martini Postma, Lood Muller met Azalia van Zyl, Koos Hendriks met Freda Hennings van Pretoria, Andries Hechter met Caroline Mentz, Susan du Plessis met Hannes v.d. Walt, Mioni Smit met Dries Ysel en Cecil Harrington met Emmerentia Coetzee.

---

**Central News Agency Ltd.**

**Ons Voorsien in alle Universiteitsboeke, skryfbehoeftes, Plaaslike en Oorseese Tydskrifte en Koerante.**

Kerkstraat 89, Telefoon 114.

POTCHEFSTROOM

# THEOS verloor eerste wedstryd 11-5

## *Saai botsing teen Kollegians.*

**Hoewel dit nog feitlik in die hartjie van die somer was, het Theos op Saterdag 17 Maart hulle eerste wedstryd van die seisoen verloor. Alhoewel dit bewolk was, was die temperatuur tog hinderlik vir die spelers. Oor die algemeen was die spel maar saai en daar was min hoogtepute wat meegebring het dat daar min was om oor opgewonde te raak.**

Vandat die spel 'n aanvang geneem het, het dit telkens geblyk dat nie een van die twee die oorhand sou kry nie. In die dertigste minuut het Kollegians 'n strafskop gekry, maar het dit egter verbrou. Die skrum wat daarop gevolg het, het hulle gewen en een van die spelers het daarin geslaag om die bal langs die pale te gaan druk. Die vervyfskop was oor en die telling 5—0 in die guns van Kollegians.

In die tweede helfte het die spel weer op die ou trant voortgegaan. Na twintig minute se spel het hulle die tweede drie gedruk. Agt minute later is 'n skitterende stormloop deur Puk uitgevoer wat gelei het tot 'n drie deur Billy Duvenhage. Lang Stoney het vervyf wat die telling op 8—5 te staan gebring het. Kort voor die einde het Kollegians se losskakel 'n lieflike skepdoel behaal om die eindtelling 11—5 te maak.

Hoewel Kollegians oor 'n sterk span beskik, het die hitte en die gebrek aan genoeg wind tog veel daaraan toegedoen dat Theos se vertoning nie van die beste was nie. Die agterlyn was net lus om te beweeg maar hulle het nie genoeg kans gekry nie. Dit lyk of die probleem vanjaar by die voorlyn gaan lê. As daar nie vir die gebrek aan gewig op een of ander manier gaan opgemaak word nie, sal Theos vanjaar maar swaarkry.

**Lang Stoney** het as kaptein 'n baie goeie voorbeeld aan sy medespelers getoon deur 'n harde spel te speel en deur gedurigdeur sy manne aan te moedig. Ander uitblinkers was **Bussie Bothma, Dick Putter** en **Billy Duvenhage.** Laasgenoemde twee spelers het besonder goed gekombineer en wat beslis veel beteken vir 'n span.

Die Navy het in 'n baie harde wedstryd tog die oorwinning behaal met 9—3. **Harrington** het gesorg vir Navy se eerste punte toe hy 'n mooi strafskop deur die pale geloods het. Die rustyd telling was dan ook 3—0. Kort na rustyd het **Gronum** oorgegaan vir 'n onvervyfde drie en dit is opgevolg deur 'n soortgelyke drie van Kollegians. Kort voor die einde het **Chrito Steyn** oorgegaan vir nog 'n onvervyfde drie om die eindtelling 9—3 in die guns van die Navy te maak.

### O. 19-SPAN

Die o-19-span het hulle wedstryd teen Kollegians met 'n puntetal van 20—0 gewen. Die voorspelers was eenvoudig totaal die meerderes van die teenstanders sodat laasgenoemde se agterspelers slegs op die verdediging kon toon waartoe hulle in staat was. Spelers wat uitgeblink het was **Kotze,** met sy pragtige individuele spel, senter **Thom** wat getoon het dat hy 'n vinnige en harde hardloper is. Die punte is aangeteken deur **Kotze, Williams, Oescher, De Bruyn** en **Van der Walt.**

# Geslaagde Inter-Fakulteits-byeenkoms

'n Besonder geslaagde atletiekbyeenkoms het plaasgevind op Woensdag 14 Maart toe die verskillende fakulteite op die P.U.-baan gebots het. Goeie prestasies is behaal deur die baan- sowel as die veldatlete. Die beste prestasies is die volgende: S. Blom met sy 100 treë in 10.4 sekondes, Paul Nel met sy 440 treë in 52.1 sek., A. B. Burger met die 880 treë in 2 min. 4.1 sek.. In die hoogspring het H. Dijkstra 5 vt. 8¼ dm. behaal, terwyl met die gewigstoot G. Potgieter die afstand van 36 vt. 5 dm. en mej. A. Struwig met die damesdiskus die afstand van 95 vt. behaal het.

Die puntestand was soos volg: B. A. 122, B.Sc. 32 en B.Comm. 23

Die byeenkoms was 'n groot sukses en 'n kenmerk was veral die goeie organisasie daarvan.

# Korfbalwedstryd te en Eerstejaars Oorwinning vir Ou-Dames.

In die Korfbalwedstryd tussen die Dore en die Oudames het net drie eerstejaars effens uitgeblink — Betsie Campher en Ria Kruger op verdediging en Rina Schutte as middel. Die ou-dames het die spel met gemak gewen en die telling was 21-4.

Ongelukkig het die korfbalspan van sy beste speelsters verloor en slegs mej. Stefani du Plooy het oorgebly van die drie Wes-Transvaalspeelsters. Daar blyk egter groot entoesiasme te wees vir korfbal vanjaar en nuwe lede sluit nog steeds aan. Mej. Hennie v.d. Westhuizen Wes-Transvaalspeelster vir die afgelope vier jaar en onderwyseres op „Girls High", sal die afrigting waarneem.





**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

*Kopiereg* RA136 XZZ



KOM SIEN ONS—

vir al u

● Fotografiese

en

● Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.



★

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**

vir alle

SPORTUITRUSTING en SPORTBENODIGDHEDE.

★


GEDRUK DEUR ENSLINS, POTCHEFSTROOM